EERSTE KONSENTRASIEKAMP IN MIDDELBURG

Theo Ligthelm 2018

Middelburg was, ten tye van die Anglo-Boere Oorlog, ‘n administratiewe sentrum vir die omliggende area en daarom sou die dorp ook sentraal wees tot die lotgevalle van vele vroue en kinders gedurende die oorlog.

Die eerste aanduiding van vroue en kinders in Middelburg volg op Lord Roberts se optrede op 20 Julie 1900 toe hy 412 vroue en kinders uit Pretoria, op oop beestrokke, na Van Der Merwe-stasie gestuur het. Die doel was om ‘n las op die Transvaalse Regering en die boere kommandos te plaas vir hul versorging (1) (2). Hierdie vroue en kinders is onder leiding van Ben Viljoen afgevoer na Middelburg, waar hulle in die nuwe dorpsaal in die middedorp geakkomodeer is[1]. Hulle is later van daar na ‘n Burger-kamp by Baberton geneem (2), wat na 14 September 1900 ‘n Britse konsentrasiekamp geword het (3). Ben Viljoen maak ook beswaar by Sir Reginald Pole-Carew oor wyse waarop vroue vervoer is en dat drie of vier hoogswanger was (2).

FIGURE 1: MIDDELBURG DORPSAAL WAAR VROUE EN KINDERS VANAF PRETORIA AFKOMSTIG VERSORG IS[2]

[1] Hierdie saal het in die huidige Eksteenstraat gestaan op die terrein waar die huidige Astra gebou staan.
[2] Foto geneem na besetting van Middelburg.

Op 27 Julie 1900 word Middelburg deur die Britse magte beset en word dit eweneens ‘n administratiewe en logistieke spilpunt van die Britse gesag.

Roberts het egter reeds op 16 Junie 1900 opdrag gegee vir die afbrand van boere wonings **in die omgewing waar aanvalle deur boere plaasvind** veral sogenaamde witvlag insidente waar daar op Britse magte gevuur word uit huise waar ‘n witvlag vertoon is (4). In September 1900 gelas hy ook die verwydering van alle voedsel voorrade binne ‘n 16 km radius van aanvalle (4) (5). Op 29 November 1900 neem Kitchener by Roberts oor, en reik op 21 Desember 1900 ‘n soortgelyke proklamasie uit oor vernietiging van boereplase.

Kitchener gee eers in Desember 1900 opdrag dat ‘n konsentrasiekamp [formele kamp] in Middelburg gevestig moet word (6). In Julie 1901 het hierdie kamp reeds 7751 inwoners gehad (3). Uiteindelik sterf daar ongeveer tussen 1314[3] en 1621 persone in die drie kampe (3).

Daar is egter aanduidings en gerugte dat gevange vroue en kinders reeds voor die proklamasie deur Kitchener, na Middelburg afgevoer is.

Mev Janie (Adriana) Burger (eggenote van Ds A.P. Burger, leraar van Middelburg se Nederduits Gereformeerde - Witkerk tydens die Anglo-Boere Oorlog) beskryf dat daar kort na die inname van Middelburg, ‘n kamp vir vrouens in Middelburg opgerig is (7). Wanneer hierdie kamp presies opgerig is en waar die kamp was, benodig analise.

Wanneer het eerste konsentrasiekamp vroue “prisoniers” in Middelburg aangekom?

FIGURE 2 MEV JANIE BURGER EN EGGENOOT

[3] Daar word verskillende getalle deur verskillende bronne aangehaal – die rekords van die Oorlogsmuseum dui 1621 aan – waarvan 1343 kinders en 278 volwassenes was.

Mev Burger gebruik die terme "**net nadat** die Engelse Middelburg in besit geneem het in 1900" (7). As in ag geneem word dat die Britte Middelburg op 27 Julie 1900 beset het, is dit 'n geruime tyd voor die Kitchener-proklamasie, dat 'n kamp in Middelburg gevestig moet word. Daarom ontstaan die gedagte dat die vroue eerder 'n resultaat van die Roberts-proklamasie van Junie 1900 was. Sy noem ook dat die eerste vrouens per trein **vanaf Balmoral** na Middelburg gebring is (7). Balmoral is 'n spoorwegstasie op die oosterlyn 72 km oos van Pretoria. Dit kan dus aanvaar word dat die vroue in die Balmoral omgewing gevange geneem is.

Balmoral hou dus die eerste moontlike leidraad vir 'n datum in. Die eerste plaas verwoesting in Balmoral-omgewing vind egter eers op 11 Augustus 1900 plaas toe Schmidt se plaas Tweefontein, noord-oos van Balmoral afgebrand is, na 'n wit-vlag insident (8). [Daar is drie Tweefontein plase om Balmoral maar Tweefontein 232 is die mees waarskynlike opsie weens die nabyheid van die spoorlyn. Dit is egter noord-wes van Balmoral (9)] Op 6 September 1900 is W. Jorda[a]n se plaas by Rondebult afgebrand, asook C de Langé se plaas suid van die lyn, as straf vir dinamiet-sabotasie van 'n trein by Brugspruit (8).

Op 5 Oktober 1900 word Cornelius van Niekerk en S[c]halk Neethling se plase by Doornbult net suid-oos van Balmoral stasie ook afgebrand as straf vir 'n dinamiet-sabotasie van 'n trein ook by Brugspruit (8) (9).

Op 19 November 1900 is daar 'n boere aanval op Balmoral en Wilgerivier-stasies olv Genl Viljoen (1) (2). In die Britse rekords word geen straf aksies gelys na hierdie aanvalle nie. Op 19 November 1900 word Stone se plaas suid van Balmoral afgebrand. Op 20 November 1900 word Grobler en Vermaak se plase ook suid van Balmoral afgebrand (8). Stone se plaas suid van Balmoral is afgebrand weens skade aan die spoorlyn tussen Balmoral en Brugspruit, terwyl die rede vir die optrede teen Grobler en Vermaak aangegee word as straf vir skade naby Elandsrivier-stasie (nader aan Pretoria) (8). Hindon verwys egter ook na Mev Vermaak (10), en hy was nie betrokke by operasies sover as Elandsrivier-stasie nie, wat die vraag oop laat of die 20e se straf optrede nie eerder verband hou met Viljoen se aanvalle nie. Hindon noem egter ook ander gevalle in die periode om November 1900, soos die weduwee Ryan met haar gestremde broers en die weduwee Spies, die vanne kom nie voor in die Britse rekords van plase wat afgebrand is nie (10).

Op 29 November 1900 word T[h]ys Pretorius en sy seun se twee plaashuise afgebrand by Roodepoort noord-oos van Bronkhorstspruit (8,9) met die rede aangevoer as 'n wit-vlag insident, sabotasie van die spoorlyn in die omgewing en die gebruik van "ontploffende" ammunisie.

Genl Viljoen kla egter by Genl Paget na die slag van Renosterkop (29 November 1900) oor die behandeling van vroue en kinders in die area deur Paget se magte (2). Jack Hindon maak ook op 28 November 1900 melding van swak optrede teen vroue en kinders in die Balmoral area (10). Die plaas-verwoesting in die Balmoral omgewing het dus 'n hoogtepunt bereik in November 1900.

Hoewel Slegtkamp 'n groot aantal wapenneerlêers in die omgewing (11) beskryf, verwys Mev Burger na die vroue as "prisoniers" en dat hulle bewaak is, so dit kan afgelei word dat

dit nie ‘n beskermingskamp vir wapenneerlêers was nie (7) (5). Dit moes dus vroue gewees het wat onder dwang van plase om Balmoral verwyder is.

So gegrond op datums van strafoptredes om Balmoral is die **periode Augustus tot November 1900** dus moontlik vir hierdie vroue se aankoms in Middelburg.

Die tweede leidraad vir die datum is Mev Burger as persoon. Sy noem dat sy en ‘n paar vriendinne **dadelik** na die kamp toe is toe die ***eerste* vroue aankom** om te sien of hulle hulp kan verleen (7). Hoewel sy woorde “net nadat … Middelburg in besit geneem is in 1900” gebruik, is dit onwaarskynlik dat dit net na 27 Julie 1900 plaasgevind het. Hoewel die eerste plaas verwoestings in Balmoral omgewing wel op 11 Augustus 1900 plaasgevind het (8) sou gevangenis egter onwaarskynlik 15 dae na Middelburg beset is daarheen gestuur gewees het. ‘n Britse struktuur moes eers in Middelburg gevestig word na die inname, boere aktiwiteite in die omgewing was nog baie aktief, wat ‘n vroue kamp op die buitewyke (soos uit onderstaande inligting sal blyk) van die dorp ’n risiko vir ‘n boere ontsetting ingehou het. Die volgende plaas-verwoesting was op 6 September 1900. Mev Burger was egter toe hoog swanger, sy kraam 23 September 1900 (7), wat dit onwaarskynlik maak dat sy so kort voor die bevalling per perdekar stasie toe sou gaan om vroue te ontvang. Dit maak die November-Desember 1900 datums, met die Stone, Grobler en Vermaak insidente meer moontlik.

Selfs die Van Niekerk en Neethling insident op 5 Oktober 1900 is moontlik, alhoewel dit net 11 dae na Mev Burger se bevalling is. (Tog noem Hindon dat Mev Vermaak se groep van “swak vroue en klein kinders” op 20 November 1900 uit hul huis in die oop veld gesit is, hy noem niks van afvoer na ‘n kamp nie (10), dit mag egter wees dat hulle na Hindon se besoek wel afgevoer is.) Mev Burger noem dat die huise gou tot oorlopens vol was, so daar moes ‘n aantal insidente voorgekom het om dit te verseker. Volgens die Britse rekords is dit slegs in **periode 19 tot 29 November 1900** waar verskeie plase in Balmoral omgewing, kort na mekaar afgebrand is en ‘n groep vroue en kinders dus kon afgevoer word. Die datums sou ook versoenbaar wees met mev Burger se bevallingsdatum.

Die derde leidraad tov die tyd behels die dood van ‘n vrou. Wat Mev Burger opval was die vrouens wat per draagbaar vanaf die trein na die huise gedra moes word. Twee moeders het pas op die goederewaens gekraam. Een van die vroue het geweier om gedra te word, en het self geloop, en is die nag in die huis oorlede (7) – waarskynlik aan ‘n post-partum bloeding of ‘n embolis. Dié vrou moet dus die eerste van die 600 konsentrasiekampgrafte (7) in die ou begraafplaas van Middelburg wees. Maar ongelukkig is daar geen verdere inligting oor die moeder of die baba beskikbaar in Mev Burger se memoirs nie. Dis moontlik dat sy deel van die “swak vroue” by Mev Vermaak was, waarna Hindon verwys (10).

Mev Burger gaan voort en beskryf dat die huise gou tot oorlopens toe vol was en ‘n nuwe [formele] tentkamp uitgelê is (7) op die terrein van die huidige Hoër Tegniese Skool, waar die latere gedenksaal in 1906 opgerig is (6). Dus ‘n tweede formele kamp, na die gebruik van die huise. Sy beskryf ‘n insident waar sy “ou meneer Botha” in hierdie tentkamp besoek wat besig was om te verkluim terwyl sy dogter hom met ou sakke probeer warm hou het. Die sterfgeval kon opgespoor word as Phillipus Rudolph Botha, ‘n 80 jarige man wat in die

tentkamp oorlede is (12) (13) en op 21 Mei 1901 begrawe is (14). Daar kan dus afgelei word dat die tentkamp op 21 Mei 1901 gefunksioneer het, en die insident met die pas-gekraamde vrou dus voor hierdie datum moes plaasgevind het.

'n Analise van die register van die enigste begraafplaas wat tydens die periode in gebruik was, is gedoen vir sterftes tussen 27 Julie 1900 toe die Britte die dorp oorgeneem het en 21 Mei 1901 toe Mnr Botha reeds in die tentkamp oorlede is. Die register bevat 11 name van persone wat in die ouderdom-vereistes vir swangerskap voldoen, vroulik is of waarvan die geslag of ouderdom nie aangeteken is nie en wat in die periode begrawe is (14).

- Nie een van die vanne stem ooreen met die bogenoemde plaas-verwoestings se vanne nie.
- Drie jong vroue wat in die periode oorlede is, was almal inwoners van Middelburg-dorp.
- Ses van die persone het geen boedel nie, het geen argief rekords nie en kom nie voor in die BCCD databasis (12) nie. Dus kan hulle nie tans verder nagevors word nie.
- Een persoon waarvan die geslag nie aangeteken was nie, was manlik.
- Een persoon waarvan die ouderdom nie aangeteken was nie, was nege jaar oud.
- Nie een van die geidentifiseerde sterfgevalle kon ook terug gevoer word na Balmoral area nie.

Daar is egter 'n groot aantal ongeidentifiseerde grafte in die tydvak-area in die begraafplaas en dit moet dus aanvaar word dat hierdie ongelukkige moeder in 'n ongeidentifiseerde graf in die begraafplaas begrawe is en haar naam tans onbekend is. Wat van die pasgebore baba geword het is dus ook onbekend. Hierdie leidraad het dus geen inligting opgelewer nie.

Gegrond op die analise van die drie leidrade is die afleiding gemaak dat die insident, gegrond op die Balmoral plaas-verwoesting en getalle, en mev Burger se bevalling, in die **periode 19 tot 29 November 1900** plaasgevind het**, voor die opdrag van Kitchener om 'n Konsentrasiekamp in Middelburg te vestig.**

Waar was hierdie eerste Konsentrasiekamp?

Mev Burger is weereens die beste leidraad. Sy noem dat die vroue "in die begin bewaak is in "'*n* **paar** huise **net oorkant die spoor**" (7). Dit kan verklaar word as suid van die spoor aangesien Middelburg dorp op daardie tydstip noord van spoorlyn geleë was. Dit word ook genoem in navorsing van die Universiteit van Kaapstad dat eerste persone **in die dorp geakkommodeer was** (6). Die huise is waarskynlik gekommandeer deur die Britse owerhede.

As die terrein suid van die spoor geanaliseer word, is die enigste huise "net oorkant die spoor" van die stasie, die twee spoorweg-wonings (skakel-huis met twee huise) direk suid en regoor die spoorwegstasie. Uit beskikbare Epstein-poskaart uit die periode en latere lugfotos van Middelburg was die area verder onbewoon. Hierdie huise is as deel van die NZASM-projek gebou en reeds in 1895 voltooi. NZASM dui aan dat ongeveer 10 huise in totaal gebou is (15). 'n Aantal van die huise is egter noord van die spoorlyn gebou. In die

NZASM rekords is ook in 1897 gekla oor die stasie [en dan die huise] 1 km uit die dorp uit was (15), dus kan daar afgelei word dat daar nie ander wonings in die omgewing was nie. Die skakel-huise het dus bestaan in 1900. [Dit is in dieselfde styl as die res van die Oosterspoor se geboue en kan dus verbind word met die styl van die NZASM hoof-argitek Victor Alexander Herman Claudius van Lissa (1863 – 1947) (16).] Aangesien dit aan NZASM behoort het was dit per implikasie staatsgeboue, wat die kommandering daarvan sinvol maak. Tans (2018) bestaan daar nog twee van hierdie huise direk Suid van die spoorwegstasie en ses Noord van die spoorlyn. Dit word steeds bewoon en is in ‘n redelike toestand. Daar is enkele aanbouings aan die huise, maar die oorspronklike tipiese spoorweg-skakelhuise is steeds maklik identifiseerbaar. Die uiters beperkte ruimte wat hierdie oorspronklike huise vir “prisoniers” sou gebied het, is dus identifiseerbaar. Die sement blaaie Suid van die huise dateer uit ‘n latere tydperk en geen ander strukture uit die tydperk is in die omgewing nie. Uit Mev Burger se inligting kan daar dus afgelei word dat hierdie beskeie huisies die eerste konsentrasiekamp van Middelburg was tydens die Anglo-Boere Oorlog.

FIGURE 3 DIE SPOORWEG HUISE OORKANT DIE STASIE (FOTO 2018)

Mev Burger en haar kinders is in September 1901 na die konsentrasiekamp in Howick gestuur (7). Sy noem dat na haar vertrek ‘n derde Konsentrasiekamp in Oktober tot Desember 1901 Noord van die dorp uitgelê is, op ‘n meer geskikte terrein, en die tweede kamp is daarheen verskuif (7) (3) (1).

Die vroue wat in die huisies aangehou is, was waarskynlik die slagoffers van Britse straf-optrede na die aanvalle op die spoorlyn deur Gen Ben Viljoen se magte en hou waarskynlik verband met Gen Viljoen se klagte oor behandeling van vroue en kinders aan Genl Paget (2). Die onbekende moeder is dan ook die eerste sterfgeval in Middelburg se konsentrasiekamp. As in ag geneem word dat die Middelburg Kommando by hierdie operasies om Balmoral betrokke was, bring dit ‘n interesante nuanse tot die situasie.



FIGURE 4 GEN SIR ARTHUR PAGET EN GEN BEN VILJOEN (FOTOS: WIKIPEDIA)

Die geskiedenis en menslike dramas wat hul afgespeel het in hierdie huisies was tot nou toe onbekend, maar dit is deel van die erfenis van Middelburg.

Bibliografie

1. Grobler J. Oorlog-Beeld Johannesburg: Jonathan Ball.
2. Meijer JW. Generaal Ben Viljoen Pretoria: Protea Boekhuis; 200.
3. van der Westhuizen G, van der Westhuizen E. Guide to the Anglo Boer War in the Eastern Transvaal. Revised ed. Volksrus: G vd Westhuizen; 2013.
4. Pretorius F. Boer civilians and the scorched earth policy of Lords Roberts and Kitchener in the South African War of 1899-1902. [Online]. [cited 2017 12 16. Available from: https://hofflandia.wordpress.com/boer-civilians-and-the-scorched-earth-policy-of-lords-roberts-and-kitchener-in-the-south-african-war-of-1899-1902/.
5. Grundlingh A, Nasson B. Die Oorlog kom huis toe Kaapstad: Tafelberg; 1913.
6. UCT. British Concentration Camps. [Online]. [cited 2017 12 16. Available from: http://www2.lib.uct.ac.za/mss/bccd/Histories/Middelburg/.
7. Burger AJV. Worsteljare Herinneringe van Ds A.P. Burger Kaapstad: Nasioanale Pers; 1936.
8. His Majesty's Government. Return on buildings burnt in each month June 1900 to January 1901 London: His Majesty's Stationary Office.
9. ZAR. Jeppe map of the Transvaal. 1899. Sheet 5.
10. Preller GS. Kaptein Hindon Oorlogsavonture van 'n Baasverkenner Kaapstad: Nasionale Pers; 1942.

11. Mostert D. Slegtkamp van Spioenkop Kaapstad: Nasionale Pers; 1935.

12. BCCD. British Concentration Camps of the South African War 1900-1902. [Online]. [cited 2018 September 20.

13. Meester van die Hooggeregshof. Boedel Phillippus Rudolph Botha TAB MHG 685. 1902..

14. Stadsraad van Middelburg. Begraafplaas Register Voortrekkerstraat Begraafplaas Middelburg: Ongepubliseer; Vanaf 1886.

15. De Jong RC, van der Waal GM, Heydenrych DH. The buildings steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company Pretoria: Chris van Rensburg Publications; 1988.

16. Dutch Footsteps. [Online].; 2016 [cited 2017 12 16. Available from: http://www.dutchfootsteps.co.za/middelburgstation.html.